Tema: Christus stuur jou as “apostel” en Hy rus jou toe om mense van Hom te vertel en sy Woord te verkondig!

Lofsang ter voorbereiding van die erediens
Sb 4-6: 1

God en ons ontmoet mekaar Intreelied:
Ps. 148-2: 1, 8, 9
Votum
Seën
Loflied Ps. 150-1: 1, 2
Geloofsbelydenis uit NGB art 1 deur saam te sing: Sb 12-3: 1, 2

Ons verootmoedig ons voor God
Wet: Fokus op eerste gebod: HBK Sondag 34, vrae 93, 94, 95
Sing Ps. 96-2: 3, 5, 6
Gebed

God bedien aan ons sy Woord en ons ontvang dit aktief in geloof
Skriflesing: Lukas 6: 12 – 14
Matteus 28: 16 – 20
Efesiërs 2: 19 - 22
Efes 4: 11 - 12
Teksverse: Lukas 6: 12 - 14 en Matteus 28: 16 - 20
Sing: Sb 15-7: 1, 2 (kleuters gaan na hulle bediening)
Woordverkondiging

Ons antwoord op die Woordbediening
Sing Ps. 145-2: 1, 2, 3, 9
Liefdegawe
Gebed
Sing Lied 485: 1, 2, 3
Seën
Amenlied: Sb 13-2.

Geliefde brs en srs en kinders

Ons het verlede Sondag vir mekaar gesê dat die begrip of benaming “Christin” in die moderne konteks nie die beste beskrywing gee van wie en wat ons as gelowiges werklik is nie en wat ons verhouding met God behels nie! “Christin” is ’n statiese begrip en word so algemeen gebruik en ook misbruik dat ons onsself eintlik nie daarmee moet benoem nie!

Ons het toe gaan kyk na die begrip en benaming ” dissipel” en vasgestel dat hierdie naam wat in daardie tyd bekend was, iets meer sê van wie en wat ons in die geloof is! Dit is ’n begrip wat beweging aandui – beweging na Christus toe want Jesus roep “volg My”. Hy roep mense na Hom toe om absolute gehoorsame leerlinge of studente te wees! Ons het ook geleer dat dissipels volgeling van die Here is wat hulle eie lewe opoffer om Jesus se lewe vreesloos te leef! So roep die Here ons ook om Hom te volg – gehoorsaam en selfopofferende volgelinge!

Vanmore gaan ons na die begrip en benaming “apostel” kyk en vasstel wat hierdie begrip vir my en ander mense sal sê oor my lewe as gelowige! En die mooi van die naam “apostel” is dat dit ook beweging aandui! ’n Apostel is iemand wat in opdrag van Christus “gaan”! ’n Apostel is iemand in beweging! Ons hoor dié opdrag duidelik in Matteus 28: 18 “Gaan dan na al die nasies toe”! Net soos “Volg my” ’n opdrag van die Here is, so is “gaan”.

Meer nog: die woord “apostel” beteken letterlik “ ’n gestuurde”! Iemand wat deur iemand anders aangestel word en met ’n opdrag êrens heen gestuur word! Ons kry hierdie betekenis in die Afrikaanse woord “sendeling”. Die woord “send” beteken “ om te stuur” en ’n sendeling is dus iemand wat gestuur is!

Die oorsprong van die woord “apostel” lê alreeds in die Ou Testament waar ons bv. in Eks 3 lees dat die Here vir Moses na Egipte toe “stuur”. Ook in Jesaja 6 as die Here daar vra: Wie kan Ek “stuur”? Ons sou dit kon vertaal: “wie kan ek apostel”?

En daarom, br. en sr en liewe kinders, is die Here se boodskap vanmore:
Jy is ook ’n apostel! Christus stuur jou as “apostel” en Hy rus jou toe om mense van Hom te vertel en sy Woord te verkondig! Ek en jy moet dus “gaan”! Ons het ’n sending!

Kom ons bekyk hierdie begrip “apostel” bietjie van nader om presies te verstaan wat die Here vanmore vir ons sê!

Dit word vir ons uit die Evangelies duidelik dat die Here Jesus vir hom baie dissipels bymekaar gemaak het onder wie ook die twaalf wat hier genoem word. Hy het sy onderrig aan hulle alreeds begin en hulle het reeds baie wonderwerke gesien en in Jesus geglo en Hom gevolg!

Uit hierdie groot groep dissipels wou Jesus egter 12 manne aanwys wat ’n baie besondere rol in sy kerk sou speel! Die taak wat hulle moes vervul was so belangrik dat Jesus die hele nag deur gebid het, sekerlik leiding gevra het vir wie Hy moes aanstel en vir hulle voorbidding

gedoen het – soos Hy baie ander kere ook gedoen het. Hierdie 12 sou die binnekring van dissipels vorm, hulle wat die naaste aan Hom geleef het en aan wie Hy meer intensiewe onderrig en opleiding gegee het. Die getal 12 is natuurlik deur Jesus met opset gekies want dit korrespondeer met die 12 stamme van die volk van Israel – die kerk van die Ou Testament. Net so moes hierdie 12 manne die kern van die Nuwe Testamentiese kerk vorm.

Hulle is gestuur om na Jesus se opstanding die leidende rol te speel om van Jesus te gaan getuig, sy Woord te verkondig en so die Nuwe Testamentiese kerk te vestig! Hierdie manne is ook deur die ander volgelinge van Jesus erken as die leiers wat deur Jesus aangestel is.

Uit die Skrif word dit duidelik dat ŉ "apostel" sekere kenmerke gehad het.

In die eerste plek: Hulle is formeel aangestel en gestuur! Jesus kies die twaalf en stel hulle aan en later vra die apostels in Handelinge 1 weer God se leiding as hulle ŉ plaasvervanger vir Judas aanwys! Ons lees ook verder in die Nuwe Testament dat daar meer manne as "apostels" deur gemeentes aangewys is en uitgestuur is om die Woord te gaan verkondig! Dit moes mense wees wat getuies was van die opstanding van Jesus!

In die tweede plek: Hulle het gesag ontvang! Maar hulle gesag het nie in hulleself gelê nie! Hulle gesag het gelê in die Een wat hulle gestuur het! Ons lees dit baie duidelik in Matteus 28: voor Jesus sy "gaan-opdrag" aan die 12 gee, wys Hy hulle daarop dat alle mag in die hemel en op die aarde aan Hom behoort! Hy is die Koning van die aarde en Hy stuur hulle met sy gesag! Dis soos ŉ ambassadeur van ŉ land wat alleen in ŉ ander land erken word as hy met die aanstellingsbrief van sy regering opdaag! Sy gesag lê in die een wat Hom stuur!

So is Christus met gesag na die aarde gestuur! Hy was ook ŉ apostel! ŉ Gestuurde! Ons lees ook in Hebreërs 3 dat Jesus as "Apostel" deur God aangestel is en Hom na die aarde gestuur het met al die mag en gesag om Koning oor die wêreld te regeer! En in Johannes 20: 21 sê Jesus: "Soos die Vader my gestuur het, stuur ek julle! Met gesag van God!" Die boodskap is Christus en sy verlossende genade!

Hebreërs 1 sê dan ook dat Christus die laaste en finale openbaring van God is! In Hom en deur Hom het ons die volle openbaring van God ontvang en ook die volle gesag om hierdie openbaring – hierdie Woord van God – Christus – met gesag te verkondig!

Die derde kenmerk van ŉ apostel is dat hulle deur Christus toegerus is vir hulle sending!
So het Jesus hierdie twaalf manne intensief opgelei en geleer! Johannes skryf gedurig in sy evangelie dat hierdie leringe en dade van Jesus eers na sy dood en opstanding ware betekenis van die dissipels sou kry! Toe sou hulle werklik verstaan Wie Hy is en wat sy opdrag beteken! Reeds voor sy dood en hier met die hemelvaart beloof die Here Jesus dat die Heilige Gees hulle volledig sou toerus vir hulle sending!

Immers – dis met uitgestrekte seënende hande wat Jesus in die hemel opgeneem word! Die belofte van sy toerusting! Hy beloof immers saam met die opdrag in Matteus 28 dat Hy altyd

by sy dissipels sou wees! Hoe? Deur die Heilige Gees te stuur! En ons weet dat die Here Jesus die Heilige Gees op besondere manier in Handelinge 2 aan die apostels geskenk het dat hulle daarna met krag hulle sending begin uitleef het! Die gestuurdes was toegerus en kon hulle werk doen!

Die vierde kenmerk is : hulle ontvang ŉ duidelik opdrag! “Gaan”! Gaan na al die nasies toe! Gaan wees getuies van Christus en sy Verlossingswerk! Gaan verkondig die Woord en God sal mense tot geloof bring! Doop hulle – maak hulle deel van die kerk en leer hulle om God se Woord te onderhou!

Dit br. en sr, is dan die kenmerke van ŉ apostel.

Die vraag is nou : kan ek myself ook ŉ “apostel” van die Here noem? En die antwoord is “ja” en “nee”! Nee, omdat ons nie in dieselfde tegniese sin as die aangestelde 12 apostels die werk kan doen wat Jesus hulle gestuur het om te doen nie! Hulle werk was om die Nuwe Testamentiese kerk te vestig omdat hulle ooggetuies van Christus se opstanding was. Ons het ook in Efesiërs 2 gelees dat hulle as die fondament van die kerk gereken word! Dit is ons nie! Daarom kry ons nie na die Nuwe Testamentiese tyd weer apostels nie.

Maar ons is lewende stene wat op hierdie fondament gebou is en ons is ook “apostels” in die sin dat ons ook “gestuurdes” is! Toe ek en jy tot geloof gekom het, het God jou ook gekies en aangestel om ŉ “gestuurde” te wees! Ja, dis die wonderlike genade van God dat hy my en jou ook wil gebruik! Swak en sondaarmense wat deur Jesus Christus met God versoen is, word medewerkers in die koninkryk van God! Wat ŉ wonderlike genade en voorreg!

Wie tot geloof in Christus kom en Hom volg – sy dissipel word, is terselfdertyd ook ŉ apostel – ŉ gestuurde! Die stuuropdrag van Matteus 28 is ook my en jou opdrag! Ons kry ook die opdrag “Gaan”

Ons kry ook die volmag van Christus om Hom as Verlosser en sy gesagvolle Woord te verkondig! Ons gaan vertel dus vir mense van Hom en sy verlossende genade en ons leer hulle sy Woord! In Christus en sy Woord lê ons gesag! Dit is Christus wat mense tot geloof bring en dit is Hy wat hulle roep en hulle in ŉ verhouding met Hom stel! Daardie mag en gesag lê nie by ons nie!

Ek en jy is ook deur God toegerus! Ons is in die Woord onderrig en ons het die Heilige Gees ontvang! Ons kort niks meer nie! Ek en jy het geen verskoning van “ek weet nie genoeg nie” of “ek het nie die gawe nie”! Dis eerder ŉ kwessie van: ek wil nie! Want ek is bang! En dis waarom Christus ons geleer het: julle moet nie bang wees wanneer julle voor die mense van My moet getuig nie! Die Heilige Gees sal julle die woorde gee!

Brs en srs, moet ons die Heilige Gees vertrou, Hy sal getrou wees en ons lei. Ons moet ons vrese oorwin en gehoorsame apostels wees!

Daarom sê die Here vanmore ook vir my en jou! Gaan! Ek stuur jou! Jy is aangestel, jy het al die gesag, jy is toegerus!

Ek stuur jou in elke omstandigheid en plek waar jy leef! Gaan getuig van my! Gaan getuig van my in jou huwelik, in jou gesin, aan jou kinders, aan jou familie! Gaan getuig van my en verkondig my Woord in jou werksplek, aan jou kollegas, aan jou werknemers! Vertel vir jou vriende en vir elkeen wat die Here op jou pad bring!

Kinders en jongmense: Die Here sê: Ek stuur jou daar by die skool tussen jou maats en tussen jou medestudente! Gaan vertel van Jesus en wat Hy doen! Gaan vertel vir daardie maatjie by wie se huis dit so sleg gaan en wat dalk nie vir Jesus ken nie! Die Here stuur jou!

Brs en srs en liewe kinders: wat leer ons dus vanmore? Jy is ook ’n apostel, ’n gestuurde van die Here! Hy stuur jou om in jou omgewing en tussen al die mense tussen wie jy beweeg van Hom te vertel! Hy sê vanmore weer vir ons: Gaan!

Die vraag is nou: Sien mense ons as “gestuurdes”? Of sien hulle maar net mense wat hulleself Christene noem?

Amen